

## Waarom kerk toe gaan?

'n Persoon skryf 'n brief aan 'n tydskrif en kla dat dit vir hom geen sin maak om kerk toe te gaan nie.

Hy skryf: "Ek gaan al vir meer as 30 jaar kerk toe, ek het gedurende hierdie tydperk na ongeveer 3200 preke geluister, maar ek kan nie een onthou nie. So ek dink ek mors my tyd en die predikante mors hulle tyd deur al hierdie preke voor te berei en Sondag vir Sondag te preek".

Die brief is in die tydskrif gepubliseer en 'n paar weke het verbygegaan voordat iemand soos volg op die brief geantwoord het: "Ek is reeds 30 jaar getroud. Gedurende my getroude lewe het my vrou ongeveer 32,000 etes voorberei. Maar, net soos jy, kan ek nie een van die spyskaarte onthou nie. Maar dit weet ek: al daardie etes het my gevoed en versterk. As dit nie vir daardie etes was nie, sou ek vandag dood gewees het. Dieselfde geld ook vir die kerk. As ek nie gegaan het om geestelik gevoed te word nie, sou ek vandag geestelik dood gewees het."



### Gestuur

Die slot van die nuwe president se toespraak op 16 Februarie het by baie Christene geresoneer. Hy het 'n lied van Hugh Masekela aangehaal. Dit eindig so: "I wanna lend a hand. Send me." Die woorde van die lied het diep wortels in die kerk. Die oorspronklike Thuma Mina (Stuur my), is ook in ons eie liedboek opgeneem.



GEMEENTENUUS

NG KERK KLEINMOND

April 2018

## Om 'n ander te aanvaar

Ontmoetings met 'n Ander (iemand wat uit 'n ander raamwerk of persoonlikheidsamestelling as jy funksioneer) kan in die gesin plaasvind, of 'n werksituasie, 'n woonbuurt, 'n kerk of 'n skool. Dit kan binne die groter ruimte van die landsgrense plaasvind as ek gekonfronteer word met mense van 'n ander kultuur of velkleur. Oor dié breë spektrum van ontmoetingspunte roep die Woord van God ons tot aanvaarding van mekaar omdat aanvaarding 'n uitvloeisel van die liefdesgebod is.

Die ontmoetings met die Ander van wie ek verskil, stel groot uitdagings. In uiterste gevalle kan dit 'n daaglikse konfrontasie met 'n broer of suster wees. Dit kan 'n deurlopende konfrontasie met 'n ouer of met 'n kind of met my man of vrou behels. Dit kan 'n werkgewer wees wat my ondermyn of 'n kollega wat my lewe versuur.

Is dit hoegenaamd moontlik om in sulke gevalle die liefdesgebod na te kom en die Ander as medemens te aanvaar? Aanvaarding beteken dat ek tyd maak om die Ander te leer ken. Dit beteken dat ek tyd afstaan om met hom te gesels, na sy verhaal te luister en sy omstandighede te wete te kom. Dit beteken dat ek deur die grense van *my* wêreld breek en my oopstel vir die Ander. Dit verg veral die liefde, geduld en vriendelikheid waarvan Galasiërs 5 praat.

Winnie Rust

(verkort oorgeneem uit *Die oorvloed wat God gee*)

## Wêreldbiddag vir vroue

By die byeenkoms het Thea Brink, die spreker, die vroue gevra om 'n Psalm oor die skepping te skryf. Hier volg uittreksels uit sommige van die Psalms:

1

God, U is so groot.  
Ek roem u Naam.

Die strandmeer wat skitter in die son.  
Die berge wat hoog bo Kleinmond uittoon.

Die see vol visse

Die Palmietrivier waaruit ons water kry.  
Here, maak my dankbaar vir elke dag.

Laat my die mooi sien en waardeer.

Help my om U as Skepper agter elke blom en lewende wese raak te sien.

2

Here, ek loof U vir 'n skepping wat volmaak is.

Al die natuurwette wat volmaak by mekaar pas.

Die ganse heelal waarvan ek nooit 'n begrip kan vorm nie en wat presies volgens u reëls verloop.

3

Om elke blom aan te raak

en te weet u vingers het dit gevorm so presies

dan weet ek dis nie mensewerk, maar Een wat groter is.

4

Vader, vandag wil ek U loof

Oor die wonder van u skepping

wat 'n boodskap van hoop deurgee aan die ontvanklike gemoed.

Die berge wat uittoon asof hulle 'n Psalm na U opsing, herinner my daaraan dat ek moet opkyk, weg van aardse laste wat my kromskouer selfgesentreerd wil hou en U moet bedink – u standvastigheid en onveranderlikheid.

## Diens van Barmhartigheid

Wanneer ons aan Kleinmond se gemeente dink, kom Markus 12:43-44 by ons op. Ons is so dankbaar vir elkeen wat mildelik vir al ons projekte bydra ongeag hoe min hulle dalk self het. 'n Bewys hiervan is wanneer daar vir Kerspakkies gegee word.

Diens van Barmhartigheid het geen bekendstelling nodig nie, maar dikwels is almal nie werklik bewus van al die projekte nie. Graag wil ons die breiprojek aan julle bekendstel in Essie Groenewald (koördineerder) se eie woorde.

### Breiprojek 2017

“Om barmhartig te wees beteken om 'n hart vir ander te hê, dat jy werklik vir ander mense sal omgee, dat jy gewillig sal wees om jou hand uit te steek na mense in nood en dat jy God se liefde aan hulle sal demonstreer. Vanself kan mens nie barmhartig wees nie. Jy kry dit net reg deur Jesus se liefde,”

Die bogenoemde definisie wat 'n anonieme persoon oor barmhartigheid geskryf het is so van toepassing op die Breiprojek van Diens van Barmhartigheid van Kleinmond NG kerk. Die ± 30 vroue wat betrokke is, doen alles met soveel liefde en entoesiasme. Selfs vroue buite ons gemeente brei getrou. Dit is dus moontlik om skenkings aan instansies te maak om in hulle nood te voorsien. Instansies wat voordeel trek is bv. Provinsiale hospitale in Caledon, Hermanus en Tygerberg, Kleinmond Kindersorg, Kleinmond se Jeugsorg Sentrum, VGK kerk, Straatwerk, Herberg Kinderhuis, Biblia, Hawesending, Internasionale studentebearbeiding, Ruiterswacht, ses plaaslike kleuterskole en gemeentelede in nood.

In 2017 is daar 1461 artikels uitgedeel; vanaf die kleinste sokkies tot gebreide komberse. Die projek groei steeds danksy mense wat brei asook diegene wat wol skenk. Ons is baie dankbaar vir elkeen wat deelneem, maar alle lof aan ons Hemelse Vader.

Indien enige persoon betrokke wil raak by hierdie projek is julle welkom om Essie Groenewald te bel by 082 379 4713